Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

## GRAAD 9

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **50**

**TYD:** **2 uur**

*9AFAL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | 25 punte |
| AFDELING B: TAAL IN KONTEKS | 20 punte |
| AFDELING C: OPSOMMING | (10 ÷ 2) = 5 punte |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees elke instruksie by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos die vrae op die vraestel.

6. Laat ŉ reël oop tussen die antwoorde.

7. Skryf netjies met blou of swart.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die volgende koerantartikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**OUMA EN KLEINSEUN WAT ALLES IN BRAND VERLOOR, SE PROJEK ROER HARTE**

1 Nadat sy ouma tydens die Knysna-brande te voet met net haar papegaai en hondjie van haar brandende huis moes vlug, het Alexander Stawiszynski nou ŉ projek begin wat duisende harte op sosiale media aanraak.

2 Stawiszynski het op sosiale media gesê hy is dankbaar dat sy ouma Lucy, wat al ŉ geruime tyd lank in Knysna woon, lewe. Haar motor het onklaar geraak toe sy van die brand probeer vlug het. Dit het daartoe gelei dat Lucy te voet na veiligheid moes gebring word.

3 Stawiszynski het op sy Facebook-blad gesê hy was nie tuis ten tyde van die voorval nie en het op sosiale media ŉ beroep op mense in die omgewing gedoen om sy ouma tydens die brand by te staan.

4 Haar buurman het haar glo opgelaai en na veiligheid geneem. Lucy se huis is in die brand verwoes met byna alles wat sy in haar lewe besit het. Haar motor het ook uitgebrand. "Gelukkig is my ouma deur haar buurman gered. Sy en die troeteldiere is nou veilig en die res kan ons herbou," het hy gesê.

5 Ten spyte daarvan dat hulle alles in die brand verloor het, beywer die ouma en kleinseun hulle nou om voëlhuise te bou en kos bymekaar te maak vir wilde voëls wat na die area terugkeer, maar nie meer blyplek of kos het nie.

6 "Ons is besorg oor die wilde voëls wat deur die brande geraak is. Ons wil graag waterpunte en voerhouers vir die voëls by verskeie dele in die Eastford-natuurreservaat, en ook regoor Knysna plaas," het hy gesê. Hy het ook op sosiale media ŉ beroep gedoen op vrywilligers wat voëlvoerders kan skenk of help maak om dit oor die dorp te versprei. Hy het intussen ook gesê vrywilligers van regoor die land het sy ouma gehelp om ŉ nuwe tuiste en ŉ splinternuwe klerekas te kry.

7 Knysna se bye is ook nie vergete nie. R250,000 is eenkant gesit om die bye na die brande te help oorleef. Imtiaz Sooliman sê die Kaapse heuningby is taai en hardwerkend en kan ŉ werkerskoninginby skep as die koningin vrek. Sooliman sê die brand het baie van hul kos verwoes. Omdat siektes baie van die wêreld se byspesies uitwis, het Gift of the Givers besluit om die bye van die Knysna na die brande te help.

[Artikel aangepas en geneem uit *Maroela Media 24,* Junie 2017]

**WOORDVERKLARINGS:**

1 vrywilligers: iemand wat hom/haar uit eie wil vir ŉ bepaalde diens aanbied
2 beywer : jou bes doen om te help
3 verwoes: iets wat heeltemal vernietig is /verniel is
4 byspesies: dit is ŉ soort by
5 uitwis: iets word doodgemaak /uitgeroei

1.1 Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat ouma Lucy gestap het. (1)

1.2 Met watter twee diere het Lucy Stawiszynski van haar huis gevlug? (2)

1.3 Sê in jou eie woorde wat, "haar motor het onklaar geraak," beteken. (paragraaf 2) (1)

1.4 Kies die antwoord wat die volgende stelling korrek beantwoord. Skryf SLEGS die vraagnommer (1.4) en die antwoord (A–D) neer.

Wat verstaan jy onder die volgende stelling?

*Die projek het duisende mense se harte aangeraak.*

A Baie mense wil deel hê aan die projek en dit ondersteun.
B Baie mense wil die projek ondersteun, maar hul harte is nie reg nie.
C Baie projekte gaan deur baie mense gedoen word.
D Baie projekte gaan deur baie harte aangeraak word. (1)

1.5 Hoe, volgens paragraaf 4, is ouma Lucy tot veiligheid gebring? (1)

1.6 Noem EEN belangrike versoek wat Alexander op sosiale media geplaas het. (1)

1.7 1.7.1 Is die volgende stelling ŉ FEIT of MENING?

Die Stawiszynskis is groot diereliefhebbers. (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1 deur ŉ frase uit die leesstuk aan te haal. (1)

1.8 Wat is, volgens Alexander, die rede waarom hulle waterpunte en voerhouers oral in Knysna plaas? (1)

1.9 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer met ŉ **frase** uit die leesstuk.

*Wêreldwyd het mense gehelp om vir ouma ŉ huis en klere te gee.* (2)

1.10 Noem EEN eienskap wat die Kaapse heuningby moet hê om ŉ werkers-koninginby te skep. (1)

1.11 Wat sê jy is die rede waarom die hulpgroep die bye gehelp het? (1)

1.12 As jou huis brand, watter kosbare artikel sou jy red en waarom? (1)

## TEKS B: SPYSKAART

Jy en 'n paar vriende gaan middagete by 'n Wimpy-restaurant eet. Bestudeer die nuutste Wimpy-spyskaart en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**GEROOSTERDE TOEBROODJIES**
Bedien met 'n porsie skyfies of slaai.(keuse van wit- of volgraanbrood)



| | |
|---|---|
| Kaas | 34,00 |
| Kaas en tamatie | 38,00 |
| Ham, kaas en tamatie | 40,00 |
| Tuna mayonnaise | 35,00 |
| Gekruide maalvleis op roosterbrood | 62,00 |

**KLASSIEKE BURGERS** Bedien met 'n porsie skyfies of slaai.



| | |
|---|---|
| Wimpy burgers | 49,00 |
| Spek en kaas | 57,00 |
| Hoender | 58,00 |
| Deluxe groenteburger | 58,00 |

**DRANKIES**




| | |
|---|---|
| Melkskommel | 30,90 |
| Groot beker koeldrank (Coke, Fanta. Cream soda) om te deel | 59,00 |
| Tee | 15,00 |

**NAGEREG**



| | |
|---|---|
| Bar-one wafel | 42,00 |
| Vars vrugteslaai | 39,90 |



**Geniet heeldag heerlike ontbyt**

1.13 Sou jy in 2010 dieselfde vir die geregte op die Wimpy spyskaart betaal het? Motiveer jou antwoord met 'n enkele woord in die instruksie. (1)

1.14 Carmen is baie gesondheidsbewus en eet nie gemorskos nie. Watter nagereg sal sy bestel? (1)

1.15 Claudine is 'n vegetariër. Watter burger sal sy bestel? (1)

1.16 Jy is baie lief vir vis. Watter gereg sal in jou smaak val? (1)

1.17 Charles wil almal se koeldrank betaal. Wat stel jy voor kan hy bestel sodat almal dieselfde drankie kan geniet? (1)

1.18 Noem EEN bykos waarmee burgers en toebroodjies bedien word. (1)

1.19 Wat is die duurste item op die spyskaart? (1)

1.20 Wat is die goedkoopste item op die spyskaart? (1)

1.21 Wanneer sal jy voel om die kelner/kelnerin 'n fooitjie te gee? (1)

1.22 JA of NEE? Wimpy-ontbyt word net in die oggend bedien.
Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD aan te haal. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 2:

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS C: ARTIKEL

(2.1) **WEN ’N REIS VIR VIER NA DISNEYLAND PARYS**




Checkers se Little Shop 2-miniprodukte is hier. Dit is die (2.2) (twee) keer dat Checkers die versameling bekendstel. Altesaam 30 (2.3) **nuwe** miniweergawes van (2.4) S.A se gunsteling handelsmerke kan versamel word. (2.5) Klante kry ’n miniproduk vir elke R150 wat hulle bestee.

Vanjaar kan een (2.6) gelukkig klant ook ’n reis vir vier mense na Disneyland Parys wen.

Die (2.7) pretpark, wat voorheen as Euro Disney bekend was, vier vanjaar sy (2.8) 25ste bestaansjaar. (2.9) Die hekke maak die eerste keer op 12 April 1992 oop. (2.10) 13,4 miljoen mense het die park verlede jaar besoek.
(2.11) Altesaam 10,000 fliekkaartjies is op die spel. (2.12) “Dis ’n goeie geleentheid om ’n ander land te besoek,” sê die organiseerder.

**HOE OM IN TE SKRYF**

Om jou naam in die hoed te kry, koop enige drie deelnemende produkte. Jy sal ’n aparte strokie ontvang met inskryfaanwysings. Volg die aanwysings en wen dalk een van hierdie (2.13) wonderlikke pryse.

2.1 Skryf die opskrif van die artikel oor en vul die korrekte LEESTEKEN in. Onderstreep die leesteken wat jy ingevul het.

Wen ’n reis vir vier na Disneyland Parys (1)

2.2 Gee die KORREKTE VORM van die rangtelwoord tussen hakies.
Dit is die (twee) keer dat Checkers die versameling bekendstel. (1)

2.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord.

Altesaam 30 **nuwe** miniprodukte kan versamel word. (1)

2.4 Skryf die AFKORTING voluit.

**SA** se gunsteling miniprodukte kan versamel word. (1)

2.5 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Klante kry 'n miniproduk vir elke R150 wat hulle bestee. (1)

2.6 Gee die KORREKTE VORM van die vetgedrukte woord.

Een **gelukkig** klant kan 'n reis wen. (1)

2.7 Gee die VERKLEINWOORD van die vetgedrukte woord.

Die **pretpark** staan as Euro Disney bekend. (1)

2.8 Skryf die vetgedrukte GETAL in woorde.

Die pretpark vier sy **25** ste bestaansjaar. (1)

2.9 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die hekke maak die eerste keer op 12 April 1992 oop. (1)

2.10 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

13,4 miljoen mense het die park verlede jaar besoek. (2)

2.11 Verander die Stelsin na 'n VRAAGSIN. Die onderstreepte gedeelte moet jou antwoord wees. Altesaam <u>10,000</u> fliekkaartjies is op die spel. (1)

2.12 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

"Dis 'n goeie geleentheid om 'n ander land te besoek," sê die organiseerder. (2)

2.13 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.

Wen een van hierdie wonderlikke pryse. (1)

**VRAAG 3**

**TEKS D**

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.




**KOOP ENIGE FIRST CHOICE-VLA EN JY KAN (3.4) ELKE WEEK R5 000 WEN**

First Choice-vla is ŉ smullekker nagereg wat vir enige geleentheid geskik is. Hierdie romerige vanilla lekkerny kan (3.5) warm of … geniet word. Hoe jy ook al verkies om jou First Choice-vla te geniet, dis ŉ lekkerny wat in elke huis hoort … en ook in elke magie.

Kompetisieperiode: 5 Junie–3 September

[Bron: *Goeie Huishouding tydskrif*, Junie 2017]

3.1 Gee die AFKORTING vir Liter. (1)

3.2 Watter produk word hier geadverteer? (1)

3.3 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE vorm. Jy soen my nog! (1)

3.4 Gee EEN WOORD vir die vetgedrukte woorde.
Koop enige First Choice-vla en jy kan **elke week** R5 000 wen. (1)

3.5 Gee die ANTONIEM van die woord wat weggelaat is.
Hierdie romerige vanillalekkerny kan warm of … geniet word. (1)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: OPSOMMING

**VRAAG 4:** Maak jou vakansie vreugdevol!
Die vakansie is hier! Hier is belangrike veiligheidswenke om seker te maak dat jou vakansie glad verloop.

- Gee SEWE VEILIGHEIDSWENKE om seker te maak dat jou vakansie glad verloop.
- Skryf jou SEWE wenke puntsgewys onder mekaar neer.
- Skryf die WENKE in VOLSINNE neer.
- Laat ŉ reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming moet tussen **50–60** woorde wees.
- Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van jou opsomming aan.

Ken belangrike noodnommers uit jou kop, soos jou ouers en Polisie se nommers (10111). ŉ Maklike manier om die Polisie se nommer te onthou is, om ŉ 0 met die wysvinger van jou regterhand te maak sodat jou duim steeds uitsteek en siedaar, jou hand spel 10111.

Jou ouers moet altyd weet waar jy is sodat hulle jou maklik kan kry. As jy roomys gaan koop en halfpad besluit om eerder iets anders te doen, moet jy eers teruggaan na jou ouers en hulle laat weet.

Bly kalm as jy verlore raak, want wanneer jy kalm is, kan jou brein beter planne beraam. Moenie saam met iemand weggaan na ŉ ander plek toe nie en bly waar jy is – veral as dit ŉ veilige plek tussen ander is.

Smeer soggens ordentlike sonbrandroom aan en weer gedurende die dag en nadat jy geswem het. Dra ook ŉ hoed en drink genoeg water.

Nie alle vreemdelinge is gevaarlik nie, maar ongelukkig het ons nie radar-oë om te sien of iemand gevaarlik is of nie. Moenie saam met vreemde mense iewers heengaan nie – selfs al sê hulle vir jou dat jou ouers hulle gestuur het om jou te kry.

Koop jou eie lekkergoed en moet NOOIT lekkers van vreemdelinge aanvaar nie, want dit kan dwelms wees wat soos lekkers lyk. Soms word dit verniet weggegee sodat kinders verslaaf kan raak.

Wees versigtig in swembaddens. ŉ Ongeluk kan vinnig gebeur. As jy ŉ kramp kry of jou kop stamp, kan jy sukkel om lewendig uit die water te kom.

[Bron: *Hoezit tydskrif online*]

**TOTAAL AFDELING C (10 ÷ 2): 5**
**GROOTTOTAAL: 50**

Kopiereg voorbehou